Ges. 4 : 1, 5, 7
Ps. 68 : 1, 2.
Ps. 146 : 3, 8

**Die Wetboek Herontdek.**

2 Kron. 34 : 1 – 9, 14 – 21, 29 – 33

Belydenis & Voorb. J
Fras. 9 Okt. Nagm. (Herv.)
Uabs Apr '48 1943
Sonnieshof Okt '51 / Elofffsdal 10 Okt '54

2 Kron. 34 : 3 – En in die agste jaar van sy regering, terwyl hy nog jonk was, het hy begin om die God van sy Vader Dawid te soek.

i) Daar is seker geen mooier, skoner, geen gelukkiger tyd in 'n mens se lewe as jou jeug: wanneer jy vol lewenskrag & lus is, vol moed & durf, vol ideale & hoë aspirasies – wanneer die hele lewe nog vir jou voorlê met al sy kanse & geleenthede. // Juis daarom is dit ook 'n tyd van groot verantwoordelikheid – omdat die moontlikheid so groot is om dd. kanse & geleenthede ongebruik te laat of verkeerd te gebruik.

ii) Daar staan O in elke jongmens se lewe op een of ander tyd op een of ander wyse die kans om te kies: die weg v. lewe – of d. weg v. dood; God te vind – of te verlaat. Van daardie keuse hang die res v. jou lewe af: Kom eenmaal – dan nooit weer!

So het dd. kans om te kies gekom in d. lewe van 'n jong seun van 16 jr. // Op 8 jar. leeftyd die besondere voorreg teekant geval om koning te word van 'n volk in 'n krisisuur v. sy geskiedenis. (2 Kron. 34 : 1) En dan lees ons verder: vs 3.

Baie sou afhang v. sy optrede, sy voorb., sy invloed of die volk v. Juda as volk sou bly staan, vooruitgaan – of verdwyn. D. magte wat geneig het om d. volk te vernietig (v. buite & binne) was sterk – baie sterk. Wat sou hy doen? Da. magte beskou:

God mees om eers te let op.

I **Die treurige toestande aangetref:** Byna ongelooflik watter toestande geheers het toe hd. jong seun, Josia, die troon bestyg het. Slaan self u Bybel na & lees: Op ekon. gebied: armoede, korrupsie, ellende;
Op maatsk. gebied: twis, tweedrag, ~~wanorde~~ verwarring.
Op sedel. gebied: verslapping, ens.
Op gods. gebied: Afgodsdiens met vreemde gode, afval v. d. ware God, altare op hoogte, diens aan Baal ens.

Mr. van groter belang as al hd. dinge is dié feit: die diens in d. tempel het in verval geraak — suiwer beeld v.d. vervallenheid v. volk se inn. geest. lewe.
Oorsaak: Mr. die treurigste v. al hd. dinge is dié feit: wetboek v. Moses begrawe onder d. stof & puin! Geen wonder dat die volk in die toestand verkeer het nie! > Dat diens in tempel dood — ens. ons.

— Baie kere in gesk. dié toestand: Wd. v G begrawe onder stof & puin!

① Voor Hervorming: Begrawe onder d. vooroordeel, die onkunde, d. vrees v.d. R.K.K.! & Luther geera om dit weer uit te grawe!

② Voor Fr. Revolusie: Begrawe onder d. sg. rede, die verstand v.d. mens wat alles wou verklaar & reël!

③ Voor Wêr. Oorlog: Begrawe onder d. valse idee v.d. oppermag v.d. wetenskap wat dan d. wêreld sou red! Dit het 2 wêr. oorloë gekos om d. mens tot besinning te bring — & besef: uitvindings alleen nie genoeg nie; die vernuf v.d. mens se brein kan ook sy ondergang wees as dit in hande gestel word v.d. mag v.d. Duiwel — soos dit vandag is!

④ Hede: Begrawe onder a) die opp. & oppervlakkigheid v. ons tyd wat nie d. moeite -tyd wil doen om die Wd. be-hoorlik, langsaam, met aandag te bestudeer!
b) Onder die onverskilligheid v. baie volkskinders wat nie glo in die gesag v.d. Wd. v God, wat nie leef in d. vrees v God, wat nie handel vlg die wil van God! c) Onder die honderde ander stelsels, ideologieë, rigtinge, bewegings wat almal voorgee om d. mens sy geluk ens. te bring — mr. dit sonder G & sy Wd! d) Plesier & genot
e) Gejaag na geld

Gevolg: — die ekon. wanverhoudinge v ons tyd
= die ammarde gebrek, hongersnood in wêr. v. oorsloed!
— die onenigheid, haat, jaloesie onder mense
— die aanbidding v. valse gode v. ons tyd.
— die onrus, die angs, die kommer, die onvrede in harte v. mense!

II) Die Belangrike Ontdekking Gedoen: So was dit in die dae van Josia — soos ook in ons dag — totdat Josia op 'n goeie dag bevel gee dat die tempel herstel moet word & in die proses van herstel word die wetboek ontdek! Hier is 'n paar dinge wat ons meteens tref i.v.m. dié Koning:

① Jeug: (vs.1) 8 jaar Koning — nou 20: in fleur van sy lewe! Hoe nie sy kragte, gawes, gestel in diens v God!
→ Ons: jeug se gawes, gesondheid, talente!

② Vroom: (vs.3) Toe hy 16 jaar was het sy hart uitgegaan na die Heer, sy lewe aan God gegee! Hoor het — uitsondering op d. reël: dat 'n goddelose vader & grootvader 'n godvrugtige seun kan hê! Waarom? Die invloed v. sy vrome voorvader Dawid se lewe wat nog altyd deurwerk!
→ Dank die Here vir vrome ouers. En as julle dit nie het nie, dank d. Heer dan vir vrome toekoms — voorgeslag! Mr. dink ook aan nageslag: die nawerking v. julle eie lewe & vb.! — die nageslag wat sal pluk v.d. vrugte v. julle geloof!

③ Kerk herin: Op 20 jr. beg tyd die afgodediens uitgeroei. Uit wat sy volk vernietig het, uitgeroei. Uit ondervinding besef & geweet: volk wat ontrou is aan sy Kerk word ontrou aan sy roeping — raak in verval & agteruitgang!
→ Jongmense, julle wat n/a toetree as lidmate tot die Kerk v Kt: wees trou aan julle kerk! Soek soos Josia om Kerk rein & hoog te hou!

④ God gehoorsaam: Toe hy 26 jr was die tempel — moeite om te lees. Toe hy d. laat herstel — die wetboek ontdek. Uit inhoud verneem sy klere geskeur; die geest. belange & sy volk het hom so naby aan d. hart gelê dat sy hart verskeur is deur smart & pyn oor die gevalle toestand v sy volk — v.d. Wd! Dis volk se liefde wat hd. man gehad het!

→ Mr: Het ons die Heer so lief dat dit ons seermaak, pyn as ons sien hoe Gods Wd geminag word? Hoe ons volk d. dinge v God verwaarloos?

III Die Verreikende Gevolge: Josia nie stilgesit nie: die Wd. weerklank gevind in sy hart, hom in beweging gebring – aangegryp!

1) Wetboek in ere herstel: a) Op sy plek in die tempel: die middpt (nie altaar). Doen dit omdat die volk moet sien & weet: Wd v. G die grondslag & fondament. Afsonder alles tevergeefs. Waarom doen hy dit? Omdat Josia die een groot waarhd aan die volk wou leer dat die krag van 'n volk nie geleë is in sy besittings, sy goudmyne, sy kolonies, sy handels of diplomasie, sy beskawing, sy volkhede nie maar in sy sedel-sterkte!

b) Op sy plek in d. private lewe: hele Isr. geroep en gelas om d. gebod in hulle daagl. lewe toe te pas: vs 32: luister + doen!
→ Ons pers. lewe, fam. lewe: plek v. Gods Wd!

c) Op sy plek in d. openb. lewe: (vs. 31): Die Koning het in naam v.d. hele volk die verbond m. d. Here gemaak om d. wet te onderhou op al die terreine v.d. volk se lewe! Die wet die ereplek, die middpt v. al hulle doen & late!

Ons →: (i) Hoogste raadsale: Onse Vader geprewel – verder God 'n vreemdeling (ii) Openb. figure: maatstaf vir keuse is eerste konsiderasie sy skoon karakter, sy suiwere Godslewe? Watter plek neem die Wd? Artikel Dr. Nicol

→ Hoe het ons nie nodig manne & vroue, seuns & dogters wat weer opnuut God & sy gebod in die middel sal stel v. ons pers., huisl. lewe: ons besighd., boerdery, sport, politiek – al ons doen & late!

Daar is die godgegewe geleenthd v. almal wat jonk is (lidmaat): Elkeen 'n huis, 'n werk, 'n verantw. plig nou & nie toekoms. Wat gaan julle dw maak? Watter invloed uitoefen, spore laat? Die Here gee aan julle ook d. godgegewe kans: luister wat het Josia, die jong godvres. Koning gedoen: "En die Koning het op sy plek gaan staan en die verbond voor die aangesig v.d. H. gemaak om d. H. te volg & sy gebooie & sy getuie, & sy insettinge met sy hele hart & met sy hele siel te onderhou."

Amen